


Lapgoed vir luilekker tye

Maak goed gebruik van ledige uurtjies: spog met jou eie laphandwerkies. Die lapsak en prettige -hoed is nuttig op die strand of by die swembad

DIAGRAM: LAPHOED





ALGEMENE AANWYSINGS


- Gebruik stewige linne of katoenstof.
- Gebruik deurgaans bypassende masjiengare.
- Versterk patroondele waar aangedui met middelgewig-Vilene – aanstryktussenbelegsel.
- Naat- en soomtoelating van 1,5 cm is nie by mate op diagramme ingesluit nie en moet deurgaans bygereken word wanneer patroondele uitgeknipt word. Knip naattoelating, waar nodig, weg tot 1 cm.
- Plaas papierpatroondele op RK van kledstof en knip dan uit.
- Plaas patroondele met RK teen mekaar wanneer nate gestik word.
- Pars nate liggies namate jy vorder.
- Maak kepies in kurwenate waar nodig.

RK = regte kant; VK = verkeerde kant; Velcro = klitsgraskleefband.

BOEPENSSAK


- Knip 2 sirkels kledstof, 85 cm in deursnee. Vermeerder of verminder die deursnee na gelang van die grootte sak wat verlang word.
- Speld mesplooi, 4 cm breed, reg rondom sirkel vas. Ryg. Stik vas.
- Drabande: Knip 2 stroke kledstof, 90 cm lank en 4,5 cm breed. Versterk met middelgewig-Vilene aan VK van strook. Vou oorlangs in helfte, RK teen mekaar. Speld vas en stik naat. Pars naat oop. Keer om. Pars weer sodat naat in middel van draband is.
- Sakflap: Knip 2 patroondele uit effekleurige kledstof. Versterk VK van 1 deel met Vilene. Stik hakiesdeel van Velcro, 5 cm lank, op RK van dié deel van flap. Plaas patroondele op mekaar. Stik nate. Laat opening vir omkeer. Pars ná omkeer. Maak 5 mm-randstiksel.
- Band om rand van sak: Knip patroondeel uit kledstof, 110 cm lank en 10 cm breed. Versterk VK met Vilene. Plaas 2 kort sye op mekaar. Stik naat. Pars naat oop. Pars oorlangse voulyn, VK teen mekaar. Vou naattoelatings in. Pars.
- Plaas 2 drabande in posisie aan binnkant van sak met naat van band aan VK van sak en rafelrande op mekaar. Stik. Plaas geparste naattoelatings van sakborand 1,5 cm bo-oor borand van sak om “toebroodjie” te vorm. Speld vas. Maak randstiksel.





Dié gultige, modieuse laphoed is omkeerbaar en boonop prakties – dra hom oral om jou gesig teen die geniëpsige sonstrale te beskerm. Hy kan maklik opgevou en in 'n handsak gebêre word.

DIAGRAM: LAPSAK



Stik die dele van drabande aan binnekant van borand van sak met bostiksel om sak te verstewig. Werk knoop, 4 cm in deursnee, in posisie aan buitekant van sakflap vas.

LAPHOED

- Knip 2 van elke patroondeel uit kleeidstof, volgens diagram, vir binne- en buitekant van hoed. Knip 4 hoedrandpatroondele.
- Versterk 1 patroondeel van elke soort aan VK met Vilene. Hoedranddele moet met swaargewig-Vilene versterk word.
- Sykant van bol: Vou in helfte. Stik kort naat. Pars naat oop.
- Stik bonaat van sykant en naat van hoedbokant aan mekaar vas om bol te vorm.
- Stik kort nate van 2 hoedranddele.
- Stik ondernaat van sykant en bonaat van hoedrand aan mekaar vas om 1 deel van hoed te voltooi. Volg dieselfde stappe met ander deel van hoed.
- Plaas 2 hoeddele se binne- en buitekant op mekaar, VK teen mekaar.
- Vou randnate van 2 dele na binne. Speld en ryg vas. Maak randstiksel reg rondom hoedrand om te voltooi. ☺

'n Biëlie van 'n strandsak. Só 'n boepens-lapsak kom goed te pas vir uitstappies – jy kan allerhande snuisterye daarin bêre. Daarby is die patroon baie maklik.

